Wes-Kaapse Regering

Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Phagan Abrahams**
Direktoraat: Inrigtingshulpbronondersteuning
Phagan.Abrahams@westerncape.gov.za | 021 467 2762

Lêerno.: 5/1/7/4
Verwysing: 20230313-2434

Omsendbrief: 0022/2023
Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Kringbestuurders en Amptenare by Hoofkantoor en distrikskantore

Kort opsomming: *Nasionale Reisraamwerk (National Travel Framework (NTF)) en Kostebesparingsmaatreëls wat met Reis en Verblyf verband hou.*

**Onderwerp: Inligting oor Nasionale Tesourie se Verskaffingskettingbestuur-instruksie No. 06 van 2022/23 en -instruksie No. 07 van 2022/23, uitgereik ingevolge die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999**

1. Die doel van hierdie omsendbrief is om alle amptenare van die Wes-Kaapse Onderwysdepartement (WKOD) in kennis te stel van Nasionale Tesourie se Verskaffingskettingbestuur-instruksie No. 06 van 2022/23 insake die Nasionale Reisraamwerk (*National Travel Framework*) en -instruksie No. 07 van 2022/23 insake Kostebesparingsmaatreëls ten opsigte van Reis en Verblyf. Hierdie instruksies is uitgereik ingevolge die Wet op Openbare Finansiële Bestuur, 1999 (Wet 1 van 1999).

2. Die WKOD moet verseker dat reisreëlings in ooreenstemming is met die minimum norme en standaarde wat in die Nasionale Reisraamwerk (NTF) uiteengesit is. Hierdie minimum norme en standaarde word gebruik om te verseker dat reisverwante reëlings doeltreffend, kostedoeltreffend en deursigtig is, en aan volhoubare verantwoordelike praktyke voldoen. Die Nasionale Reisraamwerk (NTF) bepaal die minimum norme en standaarde vir amptelike binnelandse en internasionale sakereise.

3. Nasionale Tesourie se Verskaffingskettingbestuur-instruksie No. 06 van 2022/23 is as **Bylae A** aangeheg. Die Nasionale Reisraamwerk (NTF) wat op 08 Julie 2022 onderteken is, is as **Bylae B** aangeheg.

4. Nasionale Tesourie se Verskaffingskettingbestuur-instruksie No. 07 van 2022/23 oor Kostebesparingsmaatreëls ten opsigte van Reis en Verblyf is as **Bylae C** aangeheg.

5. **Die WKOD moet die verkryging van reisverwante dienste deur middel van die toepaslike verkrygingsprosesse bestuur. Die verkryging van sodanige dienste sal onderworpe wees aan die algemene kontrakvoorwaardes en, waar vereis word, spesiale kontrakvoorwaardes.**

6. Ten einde enige moontlike onreëlmatige, ongemagtigde, vrugtelose en verkwistende uitgawes te voorkom, moet alle amptenare die bepalings van hierdie omsendbrief nakom, asook die bepalings van die Nasionale Tesourie-regulasies en -instruksies, die Provinsiale Tesourie-instruksies, die Rekenpligte Beampte se Stelsel, die Verskaffingskettingbestuur-instruksies en Finansies se delegasie van bevoegdhede ten opsigte van die verkrygingsprosesse en betalings.

7. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle betrokke amptenare.

**GETEKEN:** B WALTERS
**HOOF: ONDERWYS**
**DATUM:** 2023-08-22